DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

12 Julie 2020

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

## Lees: Openbaring 7: 9 – 17

Broes en susters, ons lees van dramatiese gebeure wat vir ons in hierdie profesie beskryf word. Verlede week het ons van die perde gehoor wat een na die ander uitstorm in die stadion van die geskiedenis. Johannes is steeds in die Gees en die Gees is die eintlike skrywer van die brief.

In die gedeelte sien Johannes na die visioën van die 144 000 'n feesvierende menigte wat voor die troon palmtakke swaai. Hulle is in die direkte teenwoordigheid van God en die Lam. Dit beteken dat daar geen sondesmet aan hulle is nie. Ons lees dat hulle beklee is met wit stolas – Grieks vir lang kleed. Die kleed beeld uit – reinheid en heiligheid. Dit is deel van die belofte aan Abraham dat sy nageslag ontelbaar sal wees. Menigte beteken gewoon te veel om te tel. Hierdie mense kom van oral op aarde. Al die etnisiteite is hier teenwoordig. Die verlossing is universeel. Dit is nie beperk tot 'n sekere volk of ras nie. Almal wat Christus as die enigste en ware Verlosser bely, deel in hierdie hemelse fees.

Die fees verwys heel moontlik na die fees wat die uittog uit Egipte herdenk het. Die Sukkot- of tabernakelfees. Die fees het gefokus op God se Verlossing, die insameling van die oes en die dankbaarheid wat daarmee saamgegaan het. Ons lees in 1 Kor 15: 20 dat Christus die eersteling van die oes is, en dat almal wat in Hom glo, Hom sal volg na die ewige Vaderhuis. En dit is presies waar die visioen ons plaas. In die hemel, voor die troon. En die verlostes jubel dat dit werklikheid / realiteit is.

Die Lam het die voorhangsel geskeur en alle verhindering is weggeneem. Daar is 'n nuwe pad na die troonkamer van God. Hier is geen kommer oor die sonde en die verskriklike gevolge daarvan nie. Die hemelinge se fokus is volledig op 1 plek – God.

Die wat hier bymekaar is, is almal wat deur die groot verdrukking gekom het. Die verseëling van God se kerk gebeur. Elke seël is die bevestiging dat die intensiteit toeneem namate die tyd vorder. En almal wat hier is, het hulle hoop op God geplaas. In die storms van die lewe was Jesus Christus hulle lewensanker. In tye van swaar en seer het hulle troos gesoek en die HG het hulle bygestaan en gedra. Die Here het hulle trane afgedroog en Sy krag – dunamis – aan hulle gegee om te volhard.

Omdat die Here hulle rots op aarde was, en Christus groter as die grootste aanslag was, kan hulle jubel en juig. Die trane van die ou gebroke bedeling is verby. En ons hoor 'n 7 voudige lofroep voor die troon. Die lied word omarm met Amen, Amen.

Alles tussenin gedenk God se liefde en trou, die oorwinning wat Hy deur die Lam bewerk het. Dat Sy plan so radikaal ander is, as wat mense kan maak en bedink. Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie. En defnitief is Sy weë, nie ons weë nie. Sy plan loop deur donker en dood na ewige lig en lewe. Die Here slaan met 'n krom stok 'n reguit hou. Hoe kan ons nietige mensies ooit genoeg dankie sê?

Kyk terug op jou lewenspad, sien almal wat saam met jou op die pad was, en sien God se genadige beskikking en leiding. Van skepping tot herskepping kan ons net God se plan besing. Selfs die anti-goddelike magte op aarde het meegewerk om die Here se plan te laat gebeur. Babel, Rome, Assirië en Egipte was almal rolspelers in God se plan. En so kan ons dit weer opnoem aan die einde van die 20ste eeu – Rusland, China, Amerika ens is almal meewerkers om God se doel te bereik. Niks is toevallig nie.Ook nie die Covid-pandemie nie.

Eer aan God as Alleenheerser. Sy mag en sterkte beteken dat Hy onstuitbaar in vermoë is. Wat jy hoor is vas, waar en seker, geliefde broer en suster.

Die HG beklemtoon die Amen. Diegene wat vashou aan die woord van die Here kan alleen hoor deur die HG wat krag gee, Hy wat ore, harte en verstand open. Nie almal ontvang dit nie. Die getal van die uitverkorenes is vas. Bring jou dankoffer sonder ophou aan Hom wat vir altyd lewe. Die hemel is ons tuiste waarna ons nou verlang en uitsien. Die bedreiginge sal ophou. Die Herder sal ons beskerm, voed en versorg. Hy gee vir ons Jesus Christus, die lewende water.

Ons teks help om dit stil in ons binneste te maak en rustigheid in ons gemoed te bring. Ons kan tevrede wees soos 'n kind by sy moeder. Ons troos is: Die Here ken jou naam. Dit is in Sy handpalms gegraveer. Ons weet verseker: na die stormnag kom Hy op die wolke. Die sekuriteit vir die kerk van die afgelope 20 eeue is en bly in God, ook vir die toekoms. Ons sukkel om alles te verteer en in te sien, maar kom ons jubel en juig, al is ons aardse woorde te min. Ons tydelike en ewige lewensmiddele sal altyd uit God se hand kom en nooit ophou nie.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons wil as Pastoriegesin die gemeente bedank vir die afgelope 14 jaar se liefde en versorging. Toe ons geloofsgesin uitgebrei het 4 jaar gelede, was die liefde en ondersteuning vir ons werklik konkreet. Baie dankie aan ons wyksouderling Andre Bakker vir jou tyd en ondersteuning. Ons waardeer die gemeente se meelewing met ons gesin se wel en weë. Ons dank die Here dat Hy 'n unieke gemeente hier in die Bosveld tot stand gebring het en vir ons op baie maniere voorsien het. Ons lewe in 'n tyd waarin baie sake vloeibaar is, ook wanneer ons weer in erediens kan wees. Die Here ken die tyd en ons bid die seëninge van God die Heilige Gees vir almal toe.
* Baie geluk aan Flippie en Marlene Hoogendyk met klein Jannie se geboorte. Ons is dankbaar dat moeder en seuntjie gesond is. Baie geluk aan die oupas en oumas en mag die kleinman 'n seën en vreugde vir julle families wees.
* Ons vra voorbidding vir Gerda Coetzer se dogter wat met die Covid-virus besmet is. Ons bid vir beterskap.
* Ons dank die Here dat dit met Marius Schutte beter gaan. Hy kan al met 'n rolstoel oor die weg kom. Sterkte vir jou en Veronica.
* Baie dankie aan Douw Venter vir die groot werk wat hy doen om die video vir die erediens saam te stel. Dit is neem baie tyd om alles te redigeer en saam te stel. Ons waardeer jou werk.
* Dankie aan Riana Olivier wat die preke op die webbladsy plaas en ook die klankgrepe gereed maak.
* Baie seën vir almal wat die inperking se gevolge op baie gebiede voel. Mag die Here ons bewaar in die tyd. As u behoefte het aan 'n pastorale gesprek of huisbesoek moet u asb met ds Sarel skakel. Ek beperk my beweging om nie deel van die statistiek te word nie.

## MEDIAKOMMISSIE

Die mediakommissie wil die gemeente inlig dat die preke van Ds. Sarel nou ook op You Tube beskikbaar is. Gemeentelede moet vanaf hulle slimfoon, tablet of rekenaar slegs op YouTube gaan en inteken op "***GKSA Pietersburg***" om die preke te volg. Hou net ingedagte dat dit data of WiFi benodig.

## ATTESTATE UIT

* Broer Andre en suster Karien Van der Merwe na GK Pietersburg—Noord.
* Suster Hester Du Toit na GK Musina.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor weer oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidege omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer na die inperking hervat word.

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees
Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




***Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za***

## PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| **** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer*** | | | |
| So 12 Julie | ***Rita Du Plessis ***** | B | 079 109 9499 |
| Di 14 Julie | Adriaan Van Der Walt | B | 082 900 7453 |
| Wo 15 Julie | Hardus Reinecke | B | 079 690 5130 |
| Sa 18 Julie | Lilian Ferns<br>Lumè Heinlein | B<br>D | 082 813 2277<br>076 340 9008 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 14 Julie 2011 | Wynand en Louisa Van Der Walt | 9 | 078 176 0964<br>078 965 8226 |

**Preke en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

Al die engele het rondom die troon; die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan. Hulle het toe voor die troon gekniel met hulle gesigte na die grond toe en het God aanbid en gesê : " Amen ! Die lof en die heerlikheid; die wysheid; die dank en die eer; die mag en die sterkte behoort aan ons God tot in alle ewigheid. Amen!"

Openbaring 7 : 11—12

